



Western Cape
Government

Education

HERSIENING KWARTAAL 1 – GRAAD 12
2020

Toerisme

Naam van Leerder



Inhoud

Berei voor vir die Eksamen	2
1. Instruksies en inligting in die vraestel	3
2. Die uitleg van die Toerisme vraestel.....	3
2.1 'n Paar wenke om vir die Toerisme-eksamen voor te berei	5
3. Voorbeelde van instruksies in die vraestel.....	5
3.1 Afdeling A - Voorbeelde van instruksies uit vorige vraestelle	5
3.2 Afdeling B - E voorbeelde van instruksies uit vorige vraestelle	7
4. Die gebruik van Aksiewoorde in die instruksies	8
HERSIENINGSPROGRAM	9
Wêreldgebeure, Politieke Situasië en Onvoorsiene Gebeure	9
Reisplanne, Roetebeplanning & Reisbegrotings	13
Gesondheid en Veiligheid / Reisdokumente	16
Tydsones	18
Tydsones (vervolg)	20
Tydsones Bewerkings	24
Vaslegging.....	27

Berei voor vir die Eksamen

Die skryf van eksamens is 'n belangrike deel van die skoollewe van elke leerder. Die voorbereiding vir 'n eksamen is dus net so belangrik. Hoe beter jy voorbereid is, hoe gemakliker sal jy wees as jy eksamen gaan skryf. Jy moet presies weet wat jy in elke eksamen moet verwag. Jy moet weet hoeveel gedeeltes daar in die eksamenvraestel is.

Algemene wenke vir die skryf van Toerisme

- Lees die vraestel aandagtig deur voordat jy begin skryf
- Lees al die opskrifte en instruksies aandagtig.
- Die toerisme-vraestel is ryk aan hulpbronne. Maak seker dat jy met bronne soos gevallestudies, uittreksels, grafieke, kaarte, tekenprente en prente in die vraestel werk, want die toepassing van die inhoud is een van die vaardighede wat jy in Toerisme benodig.
- Bestudeer elke bronitem noukeurig en vra vrae soos: Waaroor gaan dit? Wat sê dit vir my? Met watter deel van my kennis hou dit verband?
- Oorweeg altyd die punttoekenning wanneer jy die lengte van jou antwoorde bepaal.
- Netjiese, leesbare handskrif is noodsaaklik en sal tot jou voordeel wees tydens die nasienproses.
- Beantwoord in volsinne, tensy anders aangedui
- Aan die einde van die eksamen word jy aangemoedig om genoeg tyd toe te laat om oor jou antwoorde te besin. Korrekte swak en onduidelik uitdrukkings- en spelfoute. Maak seker dat jou berekeninge duidelik is en geen onnodige foute bevat nie.

1. Instruksies en inligting in die vraestel

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoord tot VRAAG 3.1 en 3.2 af tot TWEE desimale plekke.
5. Toon ALLE berekening waar nodig.
6. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Gebruik die puntetoekenning by elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die onderstaande tabel is 'n handleiding om jy tyd volgens elke afdeling toe te ken.

2. Die uitleg van die Toerisme vraestel

Die Toerisme-eksamen bestaan uit een vraestel van 3 uur van 200 punte.

- Die vraestel is in vyf VERPLIGTE afdelings verdeel.
- Die nasionale vraestel vir Toerisme word opgestel volgens 'n spesifieke formaat. Dit is tot jou voordeel om vertrouwd te raak met die formaat.

AFDELING	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
A	Kortvrae	40	20
B	Kaartwerk en Toerbepanning, Buitelandse valutaverhandeling	50	50
C	Toerismebesienswaardighede, Kultuur- en Erfenistoerisme, Bemarking	50	50
D	Toerismesektore, Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme	30	30
E	Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme, Kommunikasie en Kliëntediens	30	30
	TOTAAL	200	180

AFDELING A: KORTVRAE

Hierdie afdeling sal kortvrae soos meervoudigekeuse-vrae, pasitens (KOLOM A/KOLOM B), kies die korrekte woord uit die opsies gegee, gee die korrekte woord, kaartwerk, grafieke, geheuekaarte, prente, toerisme-logo's, strokiesprente, 'infographics' en woordwolke bevat. Ken die toerismeterminologie en afkortings/akronieme goed; dit kan in hierdie afdeling geassesseer word. Daar is geen WAAR/ONWAAR-items nie.

Hierdie afdeling moet nie noodwendig as die 'maklike' deel van die vraestel beskou kan word nie. Vrae wat met die eerste oogopslag eenvoudig lyk, kan moontlik deeglike oorweging vereis. Oorweeg die afleiers in die meervoudigekeuse-vrae sorgvuldig.

Alle onderwerpe en subonderwerpe in die graad 12-KABV kan in hierdie afdeling geassesseer word, graad 10- en 11-inhoud, wat as fundamentele, onderliggende kennis beskou word, kan hierby ingesluit kan word.

Hierdie afdelings sal ook vrae bevat wat paragraaf-tipe antwoorde vereis. Daar word aanbeveel dat leerders opgelei word om paragraaf-tipe antwoorde te skryf.

AFDELING B, C, D en E

Hierdie afdelings assesseer individuele onderwerpe in meer diepte en sal gewoonlik meer omvattende en, in sommige gevalle, meer diepgaande antwoorde van jou vereis.

Vrae in hierdie afdelings kan bronne, soos kaarte, grafieke, tabelle, prente, logo's, vloediagramme, uittreksels, gevallestudies, strokiesprente, 'infographics' en woordwolk, insluit.

Die vraestel sal nie net jou kennis van die onderwerpe se inhoud assesseer nie, maar ook jou vermoë om meer komplekse begrip en probleemoplossingvaardighede te toon. Jy kan gevra word om te verduidelik, te motiveer, te staaf, te interpreteer, toe te pas en te redeneer.

Vrae kan met 'Gee jou standpunte oor ...'; 'Verduidelik waarom ...'; 'Bespreek hoe ...'; 'Lewer kommentaar oor ...'; 'Stel ... voor ...'; 'Analiseer/Ontleed ...'; 'Evalueer ...'; 'Stem jy saam ...'; 'Maak aanbevelings oor ...'; 'Regverdig/Motiveer/Staaf ...'; 'Na jou mening...'; 'Redeneer vir of teen ...'; ens. begin. Hierdie vrae vereis hoër-orde-denkvaardighede en jy moet krities en kreatief dink of probleme oplos.

Hierdie afdelings sal ook vrae bevat wat **paragraaf-tipe antwoorde** vereis

2.1 'n Paar wenke om vir die Toerisme-eksamen voor te berei

Alle vrae is verpligtend

- Lees deur die vraestel voordat jy begin skryf.
- Wanneer jy toegelaat word om te begin skryf, moet jy vinnig enige gedagtes of idees wat oor sekere vrae by jou opgekom het agterin die antwoordeboek neerskryf. Die neerskryf van idees kan 'n nuttige geheuesneller wees wanneer die werklike vrae beantwoord word.
- Lees al die opskrifte en instruksies noukeurig deur. Leerders moet betrokke raak by hulpbronne, soos gevallestudies, uittreksels, grafieke, kaarte, strokiesprente, prente, vloeddiagramme, 'infographics', woordwolke ens. Bestudeer die bronne en die vrae: 'Waaroor gaan dit?; Wat sê dit?; Met watter deel van my kennis hou dit verband?' Toepassing van die inhoud is een van die vaardighede wat vir die beantwoording van die Toerisme-vraestel vereis word.

Jy moet die punttoekenning in ag neem wanneer die lengte van jou antwoorde bepaal word.

- Jy moet toerismeterme en -konsepte in jou antwoorde gebruik.
- Netjiese, leesbare handskrif is noodsaaklik. Beantwoord in volsinne, tensy anders aangedui
- Jy moet genoeg tyd aan die einde van die eksamen inruim om oor jou antwoorde te besin. Korrigerings van swak uitdrukking, spelling en die nagaan van berekening sal tot jou voordeel wees.
- Geen punte sal toegeken word vir slegs 'ja'/'nee' nie; punte sal toegeken word vir die motivering van die antwoord.

3. Voorbeelde van instruksies in die vraestel

3.1 Afdeling A - Voorbeelde van instruksies uit vorige vraestelle

- 1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.
- 1.2 Gee EEN woord(e)/term vir elk van die volgende beskrywings deur die woord(e)/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord(e)/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 paspoort.

- 1.4 Kies die naam van die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenis terrein uit Kolom B wat pas by die beskrywing in Kolom A. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.4.6 G.

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.4.6 G.

Kies 'n besienswaardigheid/ikoon uit KOLOM B wat pas by die prent in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.4.6 H

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die kliënteterugvoeringsmetode in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 G

- 1.5 Verwys na die voorblad van The Times hieronder. Pas die gebeurtenis/situasie by die frase/woorde in die onderstaande lys.

Gebruik die woorde wat gegee word as leidrade om die blokraaisel te voltooi. Voltooi VYF ikone, stede OF lande wat 'n toeris sal besoek.

Moenie die blokraaisel in die antwoordeboek oorteken nie. Skryf slegs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) en die antwoord, bv. 1.5.6 Pisa

Bestudeer die poskaart hieronder en antwoord die vrae wat volg. Noem die VYF lande wat die toeris besoek het.

Skryf slegs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) en die naam van die land in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.5.6 China.

Identifiseer die onderstaande ikone/besienswaardighede. Skryf slegs die vraagnommer en die naam van die ikoon in the ANTWOORDEBOEK

Toeriste besoek bekende ikone regoor die wêreld. Bestudeer die wêreldkaart hieronder en identifiseer elke ikoon(1.5.1–1.5.5) wat deur toeriste besoek is. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.5.6 Machu Picchu.

3.2 Afdeling B - E voorbeelde van instruksies uit vorige vraestelle

Bestudeer die Wêreld Tydsonekaart hieronder en die lugdiensroetekaarte op die volgende bladsy en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die Wêreld Tydsonekaart hieronder, lees die inligting en antwoord die vrae wat volg.

Lees die inligting hieronder, bestudeer die toerprogram en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die inligting in die tabel hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die prent hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Lees die inligting hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die valuta tabel hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Lees die gevallestudie hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die webtuiste artikel hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die handelsmerk logos van maatskappye hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Lees die stelling hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die grafiek hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die fotos and die lys van items hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Lees die advertensie hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die wisselkoers tabel hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Verwys na die ikone hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Bestudeer die kaart hieronder en antwoord die vrae wat volg.

4. Die gebruik van Aksiewoorde in die instruksies

Die Toerisme vraestel maak voorsiening vir die verskillende leervermoëns en jy kan vrae verwag waar jy op 'n laer-, middel- en hoë vlak moet kan dink. Daar sal van jou verwag word om die 'weet hoe'-vrae te ken en nie net die 'weet wat'-vrae nie.

Deur die aksiewoorde in elke vraag te identifiseer, kan jou help om jou antwoord te beplan.

Die volgende is 'n lys terme wat in vraestelle gebruik word:

AKSIEWOORD	VERWAGTE ANTWOORD
Beskryf	Skryf die eienskappe/kenmerke van iets op 'n logiese en goed-gestruktureerde manier
Bespreek/ Beredeneer	Ondersoek en stel die aspekte van die saak of stelling krities
Vergelyk	Lig ooreenkomste en verskille uit. Die leerder MOENIE eers een kwessie bespreek of beskryf en dan na die volgende een gaan nie.
Rangskik/Orde	Plaas konsepte, stellings of beskrywings volgens 'n bepaalde kriterium in volgorde
Identifiseer/ Selekteer	Identifiseer die belangrikste eienskappe/kenmerke van die saak
Weergee/ Uitbeeld	Gee inligting sonder bespreking of kritiek, óf in woorde óf in die vorm van 'n vloeiagram, tekening of tabel
Evalueer/ Bespreek krities	Assesseer die basis/grondslag van 'n spesifieke uitgangspunt of kriterium. Die sterk en swak punte moet uitgelig word nadat die feite en/of standpunte oorweeg is.
Beplan	Beplan 'n metode/modus operandi, bv. 'n eksperiment
Noem/Gee/Lys	Maak 'n lys van die basiese feite sonder bespreking
Gee	Gee die basiese feite in sinne
Verduidelik	Maak duidelik, stel dit eenvoudig sodat die leser kan verstaan. Blote noem of stel van feit is nie voldoende nie.
Analiseer	Deel in onderafdelings/onderdele/elemente en verduidelik die verhouding/verband
Onderskei	Lig die besonderhede wat een ding van 'n ander onderskei uit (verskille)
Voorspel	Voorsien/Verwag wat sou gebeur
Opsom	Lig kortliks die belangrikste aspekte van die hele kwessie/ inhoud uit, maar die kern moet behoue bly – gee 'n oorsig.
Bereken	Pas rekenkundige en wiskundige reëls toe om by 'n antwoord uit te kom

HERSIENINGSPROGRAM

Wêreldgebeure, Politieke Situasies en Onvoorsiene Gebeure

Tyd: 1uur 40min

MODULE 1: WÊRELDGEBEURE / POLITIEKE SITUASIES EN ONVOORSIENE GEBEURE

INSTRUKSIES

Lees die inligting hieronder en antwoord die vrae wat volg.

1. Verduidelik die betekenis van 'n **wêreldgebeurtenis**. (2)
2. Voltooi die volgende tabel om die datums en plekke van die volgende wêreldgebeurtenis aan te dui.

Olimpiese Spele		FIFA Wêreldbeker		Rugby Wêreldbeker		Statebond Spele	
Jaar	Plek	Jaar	Plek	Jaar	Plek	Jaar	Plek
2008							
2012							
2016							
2020							

3. Pas die gebeurtenis in kolom A by die beskrywing in kolom B.

Kolom A		Kolom B	
3.1	Megagebeurtenis	A	Herhaaldelike gebeurtenisse wat tradisie, aantreklikheid, prestige en publisiteit het.
3.2	Klassieke gebeurtenis	B	'n Gebeurtenis wat baie groot volume besoekers, prestige en mediadekking het.
3.3	Streeksgebeurtenis	C	'n Gebeurtenis wat binne 'n spesifieke bestemming plaasvind, en 'n lae internasionale vraag daarvoor het.
3.4	Plaaslike gebeurtenis	D	Gebeurtenisse wat in 'n spesifieke streek plaasvind en wat vir daardie spesifieke streek aantreklik is.

4. Gee twee voorbeelde van elk van die volgende gebeurtenisse:
- 4.1 Megagebeurtenis
 - 4.2 Klassieke gebeurtenis
 - 4.3 Streeksgebeurtenis
 - 4.4 Plaaslike gebeurtenis (In jou provinsie / area)
5. Noem DRIE kriteria wat in ag geneem moet word om te bepaal of 'n gebeurtenis as 'n wêreldgebeurtenis geklassifiseer kan word of nie.
6. Gee die term wat gebruik word vir toerisme wat fokus op vergaderings (meetings), aansporings (incentives), konferensies (conferences) en gebeurtenisse (events).
7. Identifiseer die gebeure wat deur die ikone hieronder voorgestel word:

<p>7.1</p>  <p>COP17/CMP7 UNITED NATIONS CLIMATE CHANGE CONFERENCE 2011 DURBAN, SOUTH AFRICA</p>	<p>7.2</p>  <p>COP19/CMP9 UNITED NATIONS CLIMATE CHANGE CONFERENCE WARSAW 2013</p>
<p>7.3</p>  <p>ATHENS 2004</p> 	<p>7.4</p>  <p>Beijing 2008</p> 
<p>7.5</p>  <p>london</p> 	<p>7.6</p>  <p>Rio 2016</p> 

<p>7.7</p> 	<p>7.8</p> 
<p>7.9</p> 	<p>7.10</p> 
<p>7.11</p> 	<p>7.12</p> 
<p>7.13</p> 	<p>7.14</p> 
<p>7.15</p> 	<p>7.16</p> 

<p>7.17</p> 	<p>7.18</p> 
<p>7.19</p> 	<p>7.20</p> 

8. Beskryf die hoofdoel en / of aktiwiteit van die volgende Wêreldgebeure:
- 8.1 2010 FIFA Wêreldbeker
 - 8.2 Wimbledon
 - 8.3 Comrades
 - 8.4 *Tour de France*
 - 8.5 Olimpiese Spele
 - 8.6 G8-Beraad
 - 8.7 Berade oor Klimaatverandering
9. Bespreek...
- 9.1 die positiewe effek van wêreldgebeurtenisse op internasionale **Toerisme**.
 - 9.2 die negatiewe effek van wêreldgebeurtenisse op internasionale **Toerisme**.
 - 9.3 Die impak van die aanbied van 'n wêreldgebeurtenisse op **binnelandse toerisme** van die gasheerland. Verwys na positiewe en negatiewe aspekte.
 - 9.4 die impak van die aanbied van 'n wêreldgebeurtenisse op **die ekonomie** van die gasheerland

Reisplanne, Roetebeplanning & Reisbegrotings

Tyd: 2 ure

MODULE 2: REISPLANNE, ROETEBEPLANNING & REISBEGROTINGS

INSTRUKSIES

Lees die scenarios wat hieronder gegee word en dui aan watter soort vervoer, akkommodasie en aktiwiteite jy sal voorstel of vermy vir hierdie kliënte se reisplanne.

1.
 - 1.1 Johan en Sylvia is pas getroud en wil graag Hawaii te besoek.
 - 1.2 Twee middeljarige Japannese paartjies wat sukkel met Engels, is geïnteresseerd in die argitektuur, geskiedenis en kultuur.
 - 1.3 'n Span van vier paraplegiese atlete in rolstoele van Engeland is in Suid-Afrika vir 'n kompetisie . Hulle wil die platteland besoek asook die slagvelde wat te doen het met Engelse geskiedenis.
 - 1.4 Vier bejaarde vriende van New York stel belang in wildbesigtiging, geskiedenis, kultuur en fotografie.
 - 1.5 Scott Schneider van Duitsland is vir ses maande in SA tydens sy oorbruggingsjaar.
 - 1.6 Jaques en Jackie van Pretoria het twee kinders, vier en ses jaar oud. Hulle wil Durban te besoek.
2. Teken die tabel oor in jou antwoordeboek en voltooi die antwoorde.

Voorbeeld:

	Vervoer	Akkommodasie	Aktiwiteite
	<i>Vlugte</i>	<i>Spesiale aanbieding vir wittebrood paartjies</i>	<i>Snorkel Naglewe Romantiese restaurant</i>
2.1			
2.2			
2.3			
2.4			
2.5			
2.6			

3. Bestudeer die vakansiepakket hieronder. Teken die templaar in jou antwoordeboek oor en voltooi die reisprogram.

Thompson Toere het 'n groep van 5 toeriste van Nederland wat in die Protea Hotel in Pretoria bly. Jy neem hulle op 7 Julie 2020 op 'n begeleide toer wat die volgende sal insluit:

- Paul Krugerhuis
- Kerkplein
- Melrose-huis
- Uniegeboue
- Vryheidspark
- Voortrekkermonument

Hulle toer sal in dié volgorde plaasvind. Jy sal jou maatskappymotor, Hyundai H1 gebruik om die groep te vervoer. Paul Krugerhuis is vanaf hul hotel 'n uur se ry deur die stad. Jy sal hulle om 07:30 by die hotel oplaai en hulle weer om 16:30na die hotel terugbring. Alle toegangsfooie is in julle toerprys (ZAR 1800 pp) ingesluit asook die middagete by Vryheidspark.

Berei 'n eendagtoer vir die groep voor deur van die templaar wat voorsien word, te gebruik om aan hulle te 'n idee te gee van hoe hul dag en tyd spandeer gaan word.

TEMPLAAR VIR DIE REISPROGRAM				
Dag	Tyd	Vervoer	Besiens- waardighede en Aktiwiteite	Bykomende inligting

4. Gee 'n verduideliking hoekom 'n ten volledige roetebeplanning nodig is voordat daar na naburige lande gereis word.
5. 'n Toeroperateur moet 'n reis vir 'n egpaar van Bethlehem na Zambia beplan. Hulle vertrel vanaf OR Tambo om 20:00 op 5 Maart.

Noem VYF elemente van 'n reisprogram wat die toeroperateur moet onthou wanneer hy/sy die toer vir sy reisigers beplan.

6. Bestudeer die tipes akkomodasie hieronder en antwoord die vrae wat volg.

Akkomodasie 1 Elise se B&b	Akkomodasie 2 Icon woonstelle	Akkomodasie 3 Kaapse Royal Hotel	Akkomodasie 4 Wilton Lodge
Bied die perfekte kombinasie van privaatheid en diens naby die Kaapstadse seefront aan. R300pp/n. Kinders onder die ouderdom van 12 slegs R100.	Geleë in die middel van Kaapstad. Akkomodasie slegs 10min se stap vanaf Iziko Suid-Afrikaanse Museum R550pp/n.	Die luukse 5-ster hotel, slegs 10-min se stap vanaf die Kaapste Stadium. Dit bied kamers met gratis Wi-Fi, 'n swembad, gymnasium en spa. R1500pp/n	Begrotings akkomodasie beskikbaar. Bied 'n ten volle gemeubileerde gastehuis met daaglikse skoonmaak dienste en ontbyt aan. R100pp/n

Voltooi die volgende tabel vir elke tipe akkomodasie deur die ontbrekende inligting in te vul:

Akkomodasie	Tipe begroting wat gepas sal wees wat van die akkomodasie gebruik sal maak (laag, gemiddeld, hoog)	Twee tipes toeriste by wie die akkomodasie sal pas	Tipe vervoer wat by die toeris sal pas
Elise se Gastehuis	(1)	(2)	(1)
Icon Woonstelle	(1)	(2)	(1)
Kaapse Royal Hotel	(1)	(2)	(1)
Wilton Lodge	(1)	(2)	(1)

7. Verduidelik waarom logiese roetebeplanning noodsaaklik is voordat daar na 'n buurland gereis word.

8. Die koste van die eendag uitstappie vir die toeriste in vraag 3 is R1 800.00

Doen 'n eenvoudige kosteberekening vir die dag. Onthou om die toepaslike elemente van 'n begroting by jou berekening in te sluit. Die totaal van jou berekening moet tot R1 800,00 beloop en BTW moet uitgesluit word.

MODULE 3: GESONHEID EN VEILIGHEID / REIS-DOKUMENTE

INSTRUKSIES

Beantwoord die vrae hieronder.

1. Verduidelik TWEE redes waarom dit noodsaaklik is dat toeriste raad oor moontlike gesondheidsrisiko's kry oor die gebied waarheen hulle reis.
2. Gee DRIE doelwitte van die Wêreld Gesondheidsorganisasie.
3. Verduidelik wat 'n gesondheidsertifikaat is.
4. Gee inligting oor waarheen toeriste kan gaan om inligting te kry oor gesondheidsake rakende reisplanne en om inentings te kry.
5. Onderskei tussen 'n epidemie en 'n pandemie.
6. Suid-Afrika is in 'n beter posisie met betrekking tot die verspreiding van die Corona-virus.

Sê of jy met hierdie stelling saamstem of nie, en motiveer jou antwoord.
7. As hulle oorsee reis, mag toeriste sekere inentings benodig.

Onderskei tussen **verpligte inentings** en **aanbevole inentings** en gee voorbeelde om jou antwoord te staaf.
8. Verduidelik die volgende konsepte aan 'n toeris wat na 'n internasionale bestemming wil reis:
 - 8.1 kwarantyn
 - 8.2 aansteeklik
 - 8.3 voorkomende maatreëls
9. Noem SES gesondheid voorsorgmaatreëls wat deur die WGO aanbeveel word vir toeriste wat beplan om gebiede met 'n hoë risiko te besoek.
10. Verduidelik waarom dit vir toeriste noodsaaklik is om gesondheid voorsorgmaatreëls te tref en vroegtydig voor te berei voordat hulle reis.

VEILIGHEID

11. Hou 'n groepbespreking en stel 'n lys saam met kriminele aktiwiteite wat op toeriste gemik is.
12. Noem die misdaadvoorkomings- en slagofferondersteuningsprogram vir toeriste in Suid-Afrika.
13. Voorspel wat met die Suid-Afrikaanse toerismebedryf gaan gebeur indien die regering nie misdaadvoorkoming ernstig opneem nie.
14. Beveel TWEE maniere aan hoe toeriste misdaad kan voorkom ...
 - 14.1 as daar per motor gereis word.
 - 14.2 in die straat.
 - 14.3 in die hotel / hotelkamer.
 - 14.4 snags / na donker.
 - 14.5 wanneer die lughawe verlaat word.

REISDOKUMENTE

15. Lys VIER reisdokumente wat benodig word wanneer daar internasionaal gereis word.
16. Verduidelik waarom sekere lande visums vereis as deel van hul toelatingsvereistes.
17. Gee 'n moontlike rede waarom toeriste lande met baie streng visumvereistes vermy.
18. Verduidelik die verskille tussen die volgende tipes visums.

Visum	Beskrywing
Deurgangvisum (Transito visum)	
Werkvisum	
Mediese visum	
Vakansievisum	
Diplomatieke visum	
Nood visum	

19. Verduidelik die proses om 'n internasionale bestuurderspermit in Suid-Afrika te bekom vir plaaslike inwoners wat na die buiteland gaan reis.
20. Noem die vereistes vir die verkryging van 'n internasionale rybewys vir Suid-Afrikaanse burgers.

MODULE 4: TYDSONES

INSTRUKSIES

Bestudeer 'n tydsonekaart en maak seker dat jy verstaan hoe jy so 'n kaart moet interpreteer.

Voltooi die onderstaande vrae deur die ontbrekende woord (e) in te vul

1. Die Universele Tydkoördinaat (UTK) staan ook bekend as ... en
2. Die 180 grade lengtelyn staan ook bekend as ...
3. Die ewenaar verdeel die aarde in 'n ... en 'n ... halfronde.
4. Die 0-grade (0) lengtelyn verdeel die aarde in 'n ... en 'n ... halfronde.
5. Die ... lengtelyn word aanvaar as standaardtyd waarvolgens alle tye op aarde bepaal word.
6. Die aarde draai om sy eie as van ... na ...
7. Tyd word op ... lyne gebaseer.
8. Een rotasie neem ... (tyd)
9. Een revolusie neem ...
10. Die aarde is verdeel in ... tydsones.
11. Die grade tussen een tydsone en die volgende is ...
12. Die tydsverskil tussen een tydsone en die volgende is ...
13. Suid-Afrika lees sy tyd vanaf ... of ...
14. Die tyd van lande wat wes van die 0 grade lengte-lyn geleë is, is ... as lande wat oos geleë is.
15. Met behulp van DBT kan 'n land een uur daglig
16. Universele tyd was voorheen bekend as ...

17. Wanneer reisigers oor die IDL van wes na oos beweeg, sal reisigers een dag ...
18. Alle reisprogramme wat vertrek en aankomstye vir vlugte aandui, weerspieël die ... tyd.
19. DBT is altyd van toepassing op.... (seisoen)
20. Een voordeel van DBT is ...


Interpreteer die onderstaande prent. Bespreek die impak van tydsverskille op reisplanne.



MODULE 5: TYD ZONES

INSTRUKSIES

Bestudeer die inligting hieronder en antwoord die vrae wat volg:



TYDSVERSKILLE

Dit is 09:00 in Suid-Afrika.

Wat sal die tyd en die dag in New York wees?

STAP 1: Identifiseer die tydsones van die betrokke lande

1. Gebruik die tydsonekaart om die tydsones te identifiseer

Suid-Afrika = +2; New York is = -5

2. Gebruik die koördinate om die tydsone te identifiseer

Deel die koördinate met 15°

Suid-Afrika = $30^\circ \text{E} = 30/15 = 2$


New York = $75^\circ \text{W} = 75/15 = 5$

Stap 2: Bepaal die tydsverskil tussen die twee lande

OPLOSSING

1. Gebruik die tydsonekaart: plaas 'n vinger op die tydsone vir SA (+2) en beweeg totdat jy die tydsone vir New York bereik (-5). Terwyl jou vinger beweeg, tel die aantal tydsone wat jy oorsteek.

2. Trek 'n getallelyn om al die tydsone voor te stel en tel die tydlyne van een land na die volgende.



3. Gebruik hierdie eenvoudige reël van die tekens (+ / -) om die tydsverskil te bepaal:

As die tekens dieselfde is (beide plus (+) of albei minus (-), TREK jy die kleiner getal van die grootste een AF, d.w.s Suid-Afrika + 2, en Bangkok +7), sal die tydsverskil 5 uur wees. Indien een 'n + en die ander minus (-) tekens het, TEL jy die tydsone bymekaar, d.w.s

Suid-Afrika = +2

New York = - 5

Tydsverskil = 7 uur

Stap 3: Bepaal die rigting van die reis om te bepaal of jy die tydverskil moet byvoeg of die tydverskil moet aftrek om die werklike tyd te bepaal.

Begin altyd van die bekende land (SA) na die onbekende land (New York, VSA)
As jy vorentoe / na regs / oos van bekend na onbekend beweeg, sal jy die tydsverskil BYTEL.
As jy agteruit / na links / wes beweeg van bekend na onbekend, sal jy die tydsverskil AFTREK.

As jy vanaf SA (bekend) na New York (onbekend) beweeg, reis jy agtertoe / links, dan trek jy die tyd af.

1. Op die tydsonekaart: vinger op +2 en beweeg na -5, elke uur wat jy oorsteek, trek een uur af.

2. Op 24 uur horlosie: begin op die bekende tyd en beweeg agtertoe terwyl jy 7 uur tel

3. Wiskundig: Trek 7 van 9 af om die werklike tyd te bepaal.

OPLOSSING

Suid-Afrika = +2

New York = - 5

Tydsverskil = 7 uur

(bekende tyd - tydverskil = werklike tyd)

09:00 - 7 uur = 02:00 Dit is 02:00 op dieselfde dag

AKTIWITEIT 1

Bepaal die tydsverskil tussen die volgende lande:

Suid-Afrika en:

1. Moskou
2. Beijing
3. Melbourne
4. Rio de Janeiro
5. Vancouver
6. Perth
7. Tokio
8. Adelaide
9. Parys
10. Tehran

Dui die tydsone aan vir lande volgens die lengtelyne

1. $120^{\circ}W$ _____
2. $135^{\circ}O$ _____
3. $60^{\circ}O$ _____
4. $75^{\circ}W$ _____
5. $75^{\circ}O$ _____

AKTIWITEIT 2

Bepaal die tyd en dag in Suid-Afrika as dit:

1. 07:00 in Alaska ($135^{\circ}W$)
2. 02:00 in Nieu-Seeland
3. 06:00 in Athene ($15^{\circ}O$)
4. 15:00 in Dallas
5. 24:00 in Tokio
6. 18:00 in Sidney
7. 18:00 in Rio de Janeiro
8. 22:00 in Bangkok
9. 12:00 in Mumbai
10. 13:00 in Teheran



Hoe tyd geskryf word:

Moenie die “h”, “uur” of “vm/nm” gebruik nie

21:35

MODULE 6: TYDSONE BEWERKINGS ZONES

INSTRUKSIES

Bestudeer die inligting wat hieronder gegee word en antwoord die vrae wat volg.

VLIEGTYD

Toeriste reis gereeld tussen lande / stede wat in verskillende tydsone geleë is. Daarom is dit belangrik dat 'n toeris kan bepaal wat sy aankomstyd in die land sal wees. Vliegtyd verwys na die benaderde tyd wat verloop het sedert sy / haar vertrek.

Hoe om Aankomstyd en Vetrektyd te bepaal

As jy die aankomstyd wil bepaal, moet jy die vliegtyd na die antwoord wat na stap 3 verkry is, BYTEL.

As jy die vertrektyd wil bepaal, moet jy die antwoord wat na stap 3 verkry is, AFTREK

Voorbeeld

Andile Mangu van Suid-Afrika vertrek op 21 Maart 2009 om 08:00 op 'n sakereis na Rio de Janeiro en sy vlug duur veertien uur. Wat sal die tyd en datum wees wanneer hy in Rio De Janeiro aankom?

Instruksie 1: Voltooi stappe 1 - 3

Suid-Afrika = +2
Rio de Janeiro = - 3
Tydsverskil = 5 uur
08:00 - 5 uur = 03:00

Instruksie 2: voeg die vliegtyd by

03:00 + 14 uur vliegtyd = 17:00 op 21 Maart 2009


Probeer nou hierdie een op jou eie:

Mnr. Nassy en sy vrou, van Johannesburg, wil gesin in Perth besoek. Hulle vertrek op Donderdag 22 Junie 2009 om 14:00. Die vliegtyd is elf en 'n half uur. Bereken die tyd, datum en dag van aankoms.

AKTIWITEIT 3 - Vliegtyd. Toon al jou berekeninge.

1. 'n Vlug vertrek op 23 November om 15:20 vanaf Kaapstad na Parys, Frankryk. Die reis duur 10 uur en 10 minute. Bereken die tyd en datum waarop die vliegtuig in Parys land.
2. 'n Bestuurder van Kaapstad arriveer op 14 Mei 2019 om 14:30 in Sydney, Australië, vir 'n vergadering. Die vliegtyd was 23 uur. Op watter tyd en datum het sy vlug uit SA vertrek?

DAGLIG BESPARINGSTYD (DST)



Dagligbesparingstyd verwys na die tyd wanneer sekere lande hul horlosies met een uur vorentoe stel in die lente en weer terug in die herfs. Dit word soms **somertyd** genoem

Bepaal watter lande DST gebruik. Neem kennis van enige datums in die vraag. Lande pas slegs DST in die somer toe. DST maak 'n verskil van 1 uur tot die werklike tyd. Dit sal EEN uur later wees. As albei lande DST tegelyk gebruik, sal dit geen invloed op die antwoord hê nie. VOEG altyd die 1 uur vir DST by aan die einde van jou berekeninge.

VOORBEELD

Dit is Vrydag 04 Julie in New York. 'N Uitruielstudent wat in Durban woon, wil sy ouers om 17:00 SAST by die huis in New York bel. Hoe laat sal dit wees in New York as hy bel?

Suid-Afrika = +2

New York = -5

Tydsverskil 7 uur

$17:00 - 7 \text{ uur} = 10:00 + 1 \text{ uur (DST)} = 11:00$ dieselfde dag / Vrydag 04 Julie

AKTIWITEIT 4

1. Dit is Kersdag in Suid-Afrika om 15:00. Wat is die tyd en datum in Rio de Janeiro?

2. Vlug SA 203 vertrek op 23 Junie om 19:00 na New York na OR Tambo Internasionale Lughawe. Die vliegtyd is 17 uur. Wat sal die tyd en datum wees wanneer die vliegtuig arriveer?

3. Hoe laat is dit in Sydney as dit op 1 Februarie 09:00 in Los Angeles is?

4. Matthew woon in Londen. Sy suster woon in Sydney. Dit is haar 50ste verjaardag op 2 November. Hy wil haar om 07:00 plaaslike tyd in Sydney bel. Hoe laat en op watter datum moet hy haar bel?

MODULE 7: VASLEGGING

INSTRUKSIES

Los die raaisels hieronder op.

VIND DIE GEHEIME WOORD

TOERISME KWARTAAL 1

DLBWMEONI	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
RACDOSME	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
ROUT DE FAECNR	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
SIOMEPLIE SEEPL	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
KEOKSR WRKELDEBREE	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

← Geheime woord

Ontsyfer elk van die leidraadwoorde hierbo.

Gebruik die letters in die om die geheime woord te ontsyfer

Oplossing: Wêreldgebeure

TOERISME TEELRAAISEL


U	I	T	E	T	R	E	S	P	U	T	D	I	E	I	E	L	O	E	T	A	S
G	V	O	P	P	E	N	D	O	E	I	D	B	Y	U	G	'	N				
G	H	V	L	O	S	H	T	I	N	R	K	V	L	U	W	E	I	N	V		

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

Verander die volgorde van die blokkies om 'n toerisme boodskap te vorm oor vlieg.

Begin met "Vlug"

BLOKKIESRAAISEL



DWARS

4. Reguleerder van oorgrens-beweging van lande.
5. 'n Voorbeeld van 'n inenting.
8. 'n Dorpie wat verband hou met die UTK.
10. 'n Dokument wat benodig word om 'n land binne te gaan.
11. 'n Voorbeeld van 'n natuurramp.
12. 'n Virus wat 'n impak op toeriste-aktiwiteite wêreldwyd het.

AF

1. Die twee dele van die aarde.
2. Die uiteensetting van 'n plan om te reis
3. Help om uitgawes te beheer tydens 'n reis.
6. 'n Reisdokument wat in jou eie land uitgereik word.
7. 'n Siekte wat opgedoen kan word tydens reise.
9. Hou jou veilig teen siektes wanneer jy na hoë risiko-areas reis.

DIE EINDE